

Rekenaartoepassingstegnologie

Study Opportunities

Graad 11

Junie 2013

Vraestel 1 Prakties

Tyd: 2½ uur

Punte: 150


Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye (titelblad ingesluit)

Instruksies en inligting

1. Jy mag nie die eksamenlokaal verlaat voordat die volle duur van die eksamen verby is nie.
2. Stoor jou werk gereeld.
3. Lees elke vraag voordat dit beantwoord en opgelos word. Moenie meer doen as wat deur die vraag verlang word nie.
4. Let daarop dat geen drukwerk verlang word nie.
5. Gedurende die eksamensessie mag jy die help-fasiliteit van die toepaslike program gebruik. Jy mag geen ander bronnemateriaal gebruik nie.
6. Let daarop dat indien jy 'n vraag nie kon regkry nie, en jy die data vir die daaropvolgende vrae benodig, jy steeds moet probeer om die volgende vrae te doen.
7. Formules en/of funksies moet gebruik word vir alle bewerkings in vrae wat op sigblaaie betrekking het, behalwe as dit anders gespesifiseer word – met ander woorde, moenie enige antwoorde met die hand uitwerk en intik nie!

Let op:

Saam met die vraestel ontvang jy 'n eksamenlêergids **DATA ReadingProjects** wat die volgende lêers bevat:



Daar sal na hierdie lêergids as jou *eksamenlêergids* verwys word.

Tema: Die bevordering van 'n leeskuiluur

Die Engelse- en rekenaardepartement van Misty Hills Hoërskool het besluit om lees in die algemeen te bevorder. Of dit nou boeke, e-boeke, webbladsye of wat ook al is, so lank as leerders begin lees! 'n Komitee is verkies en verskeie projekte gaan aangepak word.

Vraag 1

Misty Hills Hoërskool het besluit om 'n boekefees te hou wat ook deur leerders van omliggende dorpe bygewoon kan word. Die plaaslike skole met koshuise het aangebied om huisvesting vir leerders van ander dorpe te gee.

Maak die lêer **1Planning** oop, wat die aanvanklike beplanning vir die fees bevat.

1.1 Skuif die teks *Draft Planning Document* aan die begin van die dokument na die *header* en plaas dit regslyn.

Voeg die datum (in die formaat 6 June 2013) linkslyn as 'n veld in die *header* in. (5)

1.2 Formateer die aanhaling van Stephen King soos volg:


"Books are a uniquely portable magic." — Stephen King

Let op die volgende:

- Paragraaframe moet gebruik word.
- Slegs die boonste en onderste paragraaframe word vertoon.
- Dikte van die raam – 'Width' = 2¼ pt
- Die paragraaf is geskakeer met 'n kleur van jou keuse. (3)

1.3 Formateer die volgende opskrif met *Heading 1*-styl: *Introduction* (1)

1.4 Paragraaf: *Committees*

- Verander die geel teksgedeelte in 'n *bullet*-lys.
Gebruik *bullets* wat soos 'n 'oop boek' lyk (Wingdings, karakterkode 38: ). (2)
- Voeg die lêer **DRM_CaseStudy** as 'n gekoppelde (*linked*) objek direk na die laaste *bullet* in. Dit moet as 'n ikoon ingevoeg wees en aan die oorspronklike lêer gekoppel wees. (3)
- Vind die voorgestelde agenda (in blou teks). Gebruik 'n *multilevel list* of *outline numbering* om die items op die voorgestelde agenda soos volg te nummer: (4)

Proposed agenda for first meeting:

- 1) Welcome
- 2) Election of Steering Committee
- 3) Urgent Items
 - a) Dates
 - b) Finance
 - i) Costs
 - ii) Sponsorship
- 4) General
- 5) Date of next meeting

- 1.5 Verander die styl *Heading 2* soos volg:
- Font: 14 pt, vetdruk, enige donkerblou kleur
 - Paragraafspasiëring: 6 pt After
- (4)
- 1.6 Voeg outomatiese bladsynommers soos volg in die *footer*:
- Dit moet in die formaat *Page X of Y* wees.
 - Die onewe bladsynommers moet regslyn, en die ewe bladsynommers linkslyn wees.
- (4)
- 1.7 Vind die paragrawe met die opskrifte *Programme Committee, Publicity and Entertainment Committee* en *Transport Committee*.
- Plaas die teks (opskrifte ingesluit) soos volg in twee kolomme:
- Daar moet 'n lyn tussen die kolomme wees.
 - Die eerste kolom moet 8.0 cm wyd wees en die tweede kolom moet 8.5 cm wyd wees.
 - Die sin wat met die woorde '*Schools and libraries can assist ...*' begin, moet boaan die tweede kolom wees, sonder gebruik van die Enter-sleutel.
- (5)
- 1.8 Paragraaf: *Hospitality Committee*
- Gebruik tabelstoppe om die rooi teks soos volg te formateer:
- SCHOOL..... ABLE TO ACCOMMODATE**
- Crystal Waters High26
- HS Denville110
- Misty Hills High.....100
- Trinder Park High.....30
- Let op die volgende:
- Die opskrifte in die eerste reël is as *Small Caps* geformateer.
 - Die opskrif 'Able to accommodate' en die getalle is by 7.5 cm regslyn gestel en bevat 'punte' as gidsstippels (*dotted tab leaders*).
- (4)
- 1.9 Voer 'n speltoets op die dokument uit sodat die woorde reg gespel is in Suid-Afrikaanse Engels (*South African English*).
- (2)
- 1.10 Vervang alle voorkomste van '/' met ' or '. (Bv. 'speakers/authors' moet verander word na 'speakers or authors'.)
- (2)
- Stoor die dokument en maak dit toe.** **[39]**

Vraag 2

Daar word besluit om 'n boekklub te begin en terselfdertyd 'n kompetisie te loods.

Maak die dokument **2EntryForm** oop.

- 2.1 'n *Drop-Down List* kom regs van die inskrywing *Gender* voor. Voeg die items 'F' en 'M' by die lys. (1)
- 2.2 Voeg 'n *Check Box Content Control* in die plek van die 'X' langs *Library* in. (1)
- 2.3 Voeg die opsie *Helping with reading skills* as die tweede laaste opsie vir die *Drop-Down List* vir die *Help*-inskrywing by. (2)

Moet **nie** die dokument 'sluit' of redigering beperk **nie**.

- 2.4 Die onderste gedeelte van die bladsy dien as 'n inskrywingsvorm vir 'n kompetisie. Vind die >> direk bo die tabel met die lys boeke. Vervang die >> met die inhoud van die tekslêer **In books I find.txt**. Die formatering van die paragraaf (>>) waarnatoe gekopieer word moet gebruik word, en **nie** die formatering van die teks in die tekslêer nie. (2)
- 2.5 Doen die nodige redigering vir die volgende:
Die tabel wat die Graad 8- en Graad 9-boeke bevat moet boaan bladsy 2 begin. Slegs hierdie bladsy se *header* moet die teks 'Grade 8 and 9' bevat.
Die aparte tabel met die Graad 10- tot Graad 12-boeke moet boaan bladsy 3 begin. Die teks 'Grade 10 to 12' moet in die *header* vir (slegs) bladsy 3 en 4 verskyn.
Waar nodig moet die eerste opskrifry van die tabel herhaal word. (5)

Stoor die dokument en maak dit toe.

[11]

Vraag 3

'n Databasis is geskep met data oor al die lede van die boekklub.

Maak die databasis **3BookClub** oop, asook die tabel **Members**.

- 3.1 Verander die instellings van die *gridlines* sodat slegs die vertikale *gridlines* vertoon. (1)
- 3.2 Verander die ryhoogte van die rekords na 15 eenhede. (1)
- 3.3 Stel die waardes wat in die *Name*-kolom gestoor is linksinlyn, en maak die kolom wyer sodat al die name heeltemal leesbaar is. (2)
- 3.4 Maak die *Number*-veld die primêre sleutel. (1)
- 3.5 Ruil die volgorde van die *Surname*- en *Name*-velde om sonder om enige data uit te vee. (2)

- 3.6 Verander die veldgrootte van *Gender* na die mees gepaste grootte. Ignoreer enige waarskuwingsboodskappe wat vertoon mag word. (1)
- 3.7 Voeg 'n nuwe veld *Photo* by. Dit sal gebruik word om 'n foto van elke lid van die boekklub fisies te stoor. Plaas hierdie nuwe veld direk na die *Gender*-veld. (3)
- 3.8 Verander die datatipe van *AccessToLibrary* na 'n meer gepaste tipe. Ignoreer enige waarskuwingsboodskappe wat vertoon mag word. (1)
- 3.9 Verander Shalane De Kock se data soos volg:
- *AccessToLibrary*: Yes
 - *HelpWhere*: Reading skills (2)
- 3.10 Skrap Jennifer Nel se rekord. (1)
- 3.11 Sorteër die rekords volgens *Number*. (1)
- Stoor die tabel en maak die databasis toe. [16]**

Vraag 4

Die Engelse onderwyseres het 'n aantal boeke as donasies ontvang en beplan om 'n mini-biblioteek op te rig.

Maak die databasis **4Booklist** oop. Dit bevat 'n tabel **Books** en 'n navraag **Readathon**. Maak die tabel **Books** oop. Die *Grade*-veld dui aan vir watter skoolgraad elke boek aanbeveel word.


- 4.1 Die Engelse onderwyser benodig 'n lys van al die boeke, alfabeties gesorteer, eerstens volgens die *Author* en dan volgens die *Title*.
Skep 'n navraag wat op die **Books**-tabel gebaseer is, en vertoon slegs die *Author*- en *Title*-velde in hierdie volgorde.
Stoor die navraag as **Shelf Positions**. (4)
- 4.2 Die junior grade se onderwysers benodig 'n lys van boeke wat nog in 'n goeie toestand is (**nie** nodig om reggemaak te word nie), wat vir leerders in Graad 8 en 9 aanbeveel is.
Skep 'n navraag hiervoor en vertoon slegs die *Title*-, *Author*- en *Grade*-velde.
Stoor die navraag as **Junior Books**. (4)
- 4.3 'n Besluit moet geneem word oor die afskryf van boeke wat in 'n swak toestand is (wat reggemaak moet word) en wat R50 of minder werd is.
Skep 'n navraag wat hierdie boeke sal lys. Vertoon al die velde.
Stoor die navraag as **Audit**. (3)

4.4 'n Senior 'Readathon' word rondom die volgende skrywers in die mini-biblioteek gereël: *Dianne Hofmeyr, Jenny Robson en Lutz Van Dijk*. Al die boeke van hierdie skrywers wat vir *Grade 10 en hoër* aanbeveel is, sal gebruik word.

'n Navraag **Readathon** is geskep en vertoon die velde *Title, Author* en *Grade* van die boeke. Hierdie navraag vertoon egter slegs boeke van Dianne Hofmeyr en geen boeke wat vir Graad 10 aanbeveel is, is ingesluit nie.

Maak die navraag oop en verander dit, sodat die nodige boeke sal vertoon. (3)

4.5 Skep 'n **Access-vorm** waarmee besonderhede van boeke op 'n gebruikersvriendelike manier by die **Books**-tabel gevoeg kan word. Die inlynstelling en posisionering van die verskillende objekte en velde moet soortgelyk aan die voorbeeld hierna wees: (10)



The screenshot shows a database form with the following fields and values:

- Book Number: 1
- Title: Spud
- Author: Van de Ruit, John
- Grade: 9
- NeedRepair: (Check if 'yes')
- Value: R 60.00

Let op die volgende belangrike aspekte waaraan die vorm moet voldoen:

- Die verstektitel (*form title*) en agtergrond skakering moet verwyder word uit die *Form Header*.
- Die veld *SerNo* moet verskuif word na die *Form Header*, en die *label* se naam is verander na *Book Number*.
- Die velde *NeedRepair* en *Value* moet verskuif, en regs langs die ander velde in die *Detail*-afdeling geplaas word.
- Die instruksie (*Check if 'yes'*) moet onder die veld *NeedRepair* ingevoeg word; formateer in skuinsdruk (*italics*).

'n Soliede reghoekige omraming om die drie velde *Title, Author* en *Grade* word vereis.

- Die prentjie **Book_Picture** (verskaf in jou eksamenlêergids) is in die *Form Header* ingevoeg.

Stoor die vorm as **Input**.

Maak die databasis toe.

[24]

Vraag 5

Daar is besluit om elke kwartaal pryse uit te loof vir die aktiefste lesers in die skool. Leerders wie die uitdaging aanvaar het, se data is in 'n sigblad gestoor.

Maak die sigblad **5AktieweLesers** oop. Werk in die **Name**-werkblad.

- 5.1 Gebruik *Auto Fill* om aan elke leerder 'n nommer, beginnende by 1, in kolom A toe te ken. (1)
- 5.2 Verander die formatering van die kolomopskrifte in K3:O3 sodat dit soos volg vertoon: (Let op na die relatiewe kolomwydtes en ryhoogte.) (3)

Boeke uitstaande 2e kwartaal	Totaal	Bedrag	Gelukkige nommer	Boekgeskenk
------------------------------------	--------	--------	---------------------	-------------

- 5.3 Voeg selle A1:E1 saam en sentreer. (1)
- 5.4 Gebruik voorwaardelike formatering in kolom J om die aantal boeke van alle leerders wat gedurende Junie *meer as 13 boeke* gelees het, te laat uitstaan. (2)
- 5.5 'n Aantal leerders het nog boeke uitstaande (kolom K). Die boete per boek is R10 en word in sel M1 aangedui. Gebruik absolute selverwysing en voeg formules by om die bedrag wat elke leerder skuld in kolom M te bepaal. (3)
- 5.6 Daar gaan 'n gelukkige trekking wees. Vertoon vir elke leerder (in kolom N) 'n ewekansige (*random*) getal tussen 1 en die aantal leerders. (Gebruik 'n funksie om die aantal leerders te bepaal.) (4)
- 5.7 Die lede van die boekklub, aangedui met 'Yes' in kolom E, gaan 'n boek as geskenk ontvang.
Gebruik gepaste funksies in kolom O om die woord 'Geskenk' te vertoon indien die leerder 'n boekgeskenk moet kry, andersins moet die sel leeg bly. (4)
- 5.8 Voeg formules of funksies onderaan die sigblad om die volgende te bepaal:
- 5.8.1 Sel D82: Die grootste totale aantal boeke deur 'n leerder van April tot Junie gelees (soos in kolom L aangedui). (2)
- 5.8.2 Sel D83: Die tweede meeste totale aantal boeke deur 'n leerder gelees van April tot Junie (soos in kolom L aangedui). (3)
- 5.8.3 Sel D84: Die gemiddelde totale aantal boeke deur 'n leerder gelees van April tot Junie. Gebruik 'n funksie om die waarde tot 1 plek na die punt af te rond. (4)
- 5.8.4 Sel D85: Hoeveel van die leerders nie aan die boekklub behoort nie. (2)
- 5.8.5 Sel C89: Die totale aantal leerders in Graad 8. (3)
- 5.8.6 Sel C96: Die totale aantal boeke wat in die tweede kwartaal (April tot Junie, kolom L) deur Graad 8-leerders gelees is. (4)

5.9 'n Poging is aangewend om 'n grafiek te skep wat die persentasie wat elke graad van die totale lesertal uitmaak, uitbeeld. Die grafiek kom op die **Name**-werkblad voor.


- Verander die grafiek na 'n gepaste tipe.
- Vertoon die persentasies, sowel as die kategoriename (Grade) op die grafiek.
- Verwyder die randskrif (*legend*).
- Skuif die grafiek na 'n nuwe werkblad (in dieselfde sigblad) genaamd **Grafiek Grade**.

(6)

5.10 Daar is vir *Keshia De Jager* aanbeveel om elke maand meer boeke te probeer lees. Skep 'n lyngrafiek (soos onderstaande voorbeeld) in die **Name**-werkblad om aan te toon hoeveel boeke sy elke maand (vanaf Februarie tot Junie) gelees het.

Let op na die volgende:

- Die titel.
- Die Y-as se titel.
- Die waardes op die X-as.
- Daar is geen gidslyne of randskrifte (*legend*) nie.
- Die waardes (*Data Labels*) kom op die grafiek voor, en is in 14 pt geformateer. (8)



Stoor die sigblad en maak dit toe.

[50]

Vraag 6


Sommige van die Graad 11-lede van die Misty Hills-boekklub neem RTT. Hulle wil vir die klub 'n webblad skep en sodoende hul html-vaardighede toepas. Die webblad sal aan die skool se webtuiste gekoppel wees.

Maak die lêer **ClubSite.html** in 'n teksredigeerder oop en bring die volgende veranderinge aan:

- 6.1 Daar is 'n paar foute gemaak toe die webblad geskep is. Sommige van die eind-tags is uitgelaat.

Maak hierdie foute reg. (2)

- 6.2 Verander die HTML-kode sodat die titel 'Misty Hills High School Book Club' in die *tab* en/of titelbalkie van die webdeurblaaier (*browser*) vertoon soos in die volgende skermkopie aangedui: (2)



- 6.3 Voeg die teks 'Misty Hills High School Book Club' as 'n vlak 1-opskrif (*heading*) boaan die *body*-gedeelte van die bladsy. (2)

- 6.4 Voeg 'n *tag* reg onder die opskrif wat jy in 6.3 bygevoeg het by om 'n horisontale streep oor die bladsy te trek. (As jy 6.3 nie kon doen nie, kan jy die streep invoeg waar jy die opskrif sou invoeg.) (1)

- 6.5 Die teks in die eerste paragraaf wat met 'On this page...' begin, moet op die volgende reël wees, maar nie 'n nuwe paragraaf begin nie. Voeg 'n *tag* by om dit te doen. (1)

- 6.6 Voeg *tags* by om die teks 'Misty Hills High School Book Club' in die eerste paragraaf in vetdruk (*bold*) te vertoon. (1)

- 6.7 Voeg *tags* by om die datum en tyd van die volgende klubvergadering (in die tweede paragraaf) in skuinsdruk (*italics*) te vertoon. (1)

Toets jou antwoorde deur te kyk hoe die webblad in 'n webdeurblaaier vertoon.

Stoor ClubSite en maak dit toe. [10]

TOTAAL : 150

Appendix A: HTML Tag List

Opening tag	Closing tag
Basic document tags	
<html>	</html>
<head>	</head>
<title>	</title>
<body>	</body>
Heading element	
<h1>	</h1>
<h2>	</h2>
<h3>	</h3>
...	...
<h6>	</h6>
Text elements	
<p>	</p>
<hr />	
Text formatting	
	
<i>	</i>